## VERSOENING EN DIE GEMEENSKAP

1.Met die VAM aksie van die Ned. Geref. Kerk rig die kerk hom op die openbare gemeenskapslewe in Suid Afrika. Hierdie aksent, om 'n bepaalde rol en invloed in die gemeenskapslewe van Suid Afrika te wil inneem, stel die kerk voor die uitdaging om vir hierdie roeping en taak in die gemeenskap die versoening van Jesus Christus te verkondig.

2. Versoening volgens die Skrif en belydenis is altyd vergifnis deur die offer wat Jesus Christus gebring het om aan die reg en geregtigheid van God te sit. Die heilssake wat dus aan die orde gestel word met versoening gaan dus oor: die offer vir sonde, vergifnis, reg en geregtigheid.

3. Die Ned. Geref. Kerk het homself in die laaste dekade bewustelik laat ken as 'n kerk van verskeidenheid, verskillende, soms selfs botsende oortuigings en geestelikhede. Waar die kerk nou 'n bepaalde rol en invloed binne die Suid Afrikaanse gemeenskap wil opneem en uitoefen, sal hierdie verskeidenheid en verskille ook geakkommodeer moet word.

Elke geestelike rigting binne die kerk gaan 'n ander geloof oor versoening en opvatting oor die rol en taak van die kerk in die gemeenskap hê.

Dit stel die kommissie van die sinode, en ook elke lidmaat en gemeente, voor die taak om in en met hierdie verskille binne die sinode 'n werkswyse te vind waarin die kerk sy plek in die gemeenskap kan opneem sonder om in interne verskille te versand.

4. Die versekerste wyse om in so 'n binnekerklike konflik op te gaan is om die verskeidenheid van geestelikhede binne die Ned. Geref. Kerk tot een tipe geloof en opvatting oor versoening te verbind deur die besluite en kommissies van die sinode.
Dit is onhoudbaar dat die kerk botsende geestelikhede wil akkommodeer binne homself maar een oortuiging wil voorhou om sy gemeenskaprol op te neem.

5. Daarom wil die kommissie hierdie verskille oor versoening binne die kerk op so 'n wyse hanteer dat met hierdie verskille die kerk nog steeds as geheel homself verbind tot die hele VAM aksie van die kerk.

6. Die kommissie hou dit graag vir oorweging aan die kerkrade voor dat elke kerkraad en gemeente volgens hulle eie huidige oortuiging hulle tot die VAM aksie verbind. Uit die verskillende aksies van die plaaslike gemeentes sal die sinode dan binne hierdie verskeidenheid en verskille die hele sinode bedien met meerdere besluite en aksies.

7. Verskillende oortuigings oor versoening gaan verskillende aksies tot gevolg hê. Ons lê graag drie moontlikhede vir bespreking aan die vergaderinge voor.

**7.1 Versoening deur openbare belydenisse van skuld en gemeenskapsdiens,**

In hierdie oortuiging word daar onderskei tussen geestelike en praktiese versoening. Die geestelike versoening is die vergifnis wat lidmate ontvang deur

Jesus Christus. Die praktiese versoening is waar lidmate vergifnis deur die openbare gemeenskap ontvang.

Met hierdie oortuiging is die versoening in Jesus Christus nog nie prakties voordat mense mekaar nie in die openbaar vergewe nie. Die offer van Jesus Christus bring geestelike versoening, maar skuldbelydenisse teenoor mekaar en vergifnis teenoor mekaar is die opoffering wat praktiese versoening bring.

In hierdie oortuiging is dit die rol van die kerk om 'n kerklike bediening van versoening te bedien deur geleenthede te skep vir mense om oor die ellende van hulle sondes te getuig. Hierdeur kan die veronregtes die oortreders geleentheid gee om belydenis te doen en vergifnis te kan ontvang.

Hierdie versoening vra restitusie: deur simbole van berou moet die oortreders vergoed vir hulle sonde.

Met hierdie oortuiging sal hierdie lidmate en kerkrade hulle geroepe voel om kerklike fasiliteerders te wees in die gemeenskap tussen veronregtes en oortreders. Deur openbare forums en aksies sal gesprekke oor die ellende van sonde gevoer word en geleenthede vir openbare berou en vergifnis geskep word.

Hierdie aksies sal opgevolg word deur restitusie: daar sal gemeenskapsdiens gevra word van die oortreders om te vergoed vir hulle sonde.

Met hierdie sosiale aksies sal die kerk die praktiese versoening in die gemeenskap fasiliteer terwyl hy binne die kerk die geestelike versoening aan sy lidmate bedien.

Die voordeel van hierdie benadering oor versoening is openbare publisiteit van die media en direkte invloed van die kerk in die politiek van die dag. Dit maak die kerk deel van die openbare gemeenskapforums. Die ander voordeel is dat nie net die kerk en sy lidmate deel in versoening nie, maar ook ongelowiges. Hulle deel in die praktiese versoening waar die kerk in hulle forums saamwerk. Die kerk se geestelike taak is om hulle dan ook by die geestelike versoening uit te bring.

**7.2 <u>Reg en geregtigheid vir die gemeenskap uit die versoening in Jesus Christus.</u>**

In hierdie oortuiging is daar nie 'n onderskeid tussen geestelike en praktiese versoening nie. Versoening vind net plaas deur die offer van Jesus Christus en dit word alleen deur die geloof in Jesus Christus ontvang. Wie in Jesus Christus glo ontvang die reg en geregtigheid wat Hy vir ons bewerk het.

In hierdie oortuiging kan geen versoening verkry of bewerk word deur openbare sondebelydenisse nie. Daarom is mense nie op mekaar aangewese om versoening vir mekaar te bewerk of prakties te maak nie.

Gelowiges aanvaar mekaar in die geloof en so deel hulle in die versoening. Ongelowiges kan nie in hierdie versoening deel of prakties meewerk nie.

Uit hierdie geloof staan lidmate as onskuldiges en heiliges – ook teenoor hulle

oortreders.

Hierdie geloof roep lidmate tot naasteliefde volgens die wet van God. Hierdeur is lidmate geroepe om volgens die wet van die Here vir reg en geregtigheid te werk vir alle mense in die openbare gemeenskap.

Die wet van die Here is nie geestelike reëls vir 'n binne kerklike lewe nie. Dit is die wyse waarop die hele gemeenskap verbind word tot naaste liefde.

In hierdie geloof word nie restitusie vir sonde gevra nie, maar die selfverloëning wat reg en geregtigheid vir alle mense ongeag geloof, ras of kultuur vereis. In hierdie geloof skuld ons niemand iets behalwe om mekaar lief te hê. Die offer wat lidmate hier bring is nie ʼn skuldoffer nie, maar die lewende offer om jouself met jou talente en diens te wy aan jou roeping.

Hierdie roeping is nie ʼn spesiale aksie of visie van vergaderinge nie, maar die gewone pos wat jy in die samelewing beklee elke dag.

In hierdie oortuiging bedien die kerk die boodskap van versoening deur die evangelie te verkondig. Die kerk roep lidmate op en rus hulle toe deur hulle in hulle geloof te versterk. Daardeur word lidmate opgeroep om in elke deel van die openbare lewe hulle te verbind tot reg en geregtigheid uit liefde.

Waar lidmate hulleself gee om hulle gewone werk in openbare belang en tot voordeel van die hele gemeenskap te wees uit liefde en tot liefde vir hulle naaste – leef hulle versoening uit. Vir ʼn lidmaat om sy gewone werk tot voordeel van die hele gemeenskap in die land te doen in die gesindheid van verdraagsaamheid, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing – is die versoening wat uitgeleef word.

In hierdie roeping is die lidmate mondig en tree die kerk nie op as 'n fasiliteerder of begeleier nie. Die versoening word ook nie deur visies van vergaderinge bestuur nie maar vind in elke deel van die hele gemeenskap plaas volgens die omstandighede van elke lidmaat.

Lidmate werk saam met ongelowiges in die gewone gemeenskapslewe en gewone gemeenskapskomitees in belang van die hele land.

**7.3 <u>Versoening binne die gemeenskap van bekeerdes en geesvervuldes.</u>**
In hierdie benadering vind versoening deur bekering plaas. Die offer wat vir sonde gebring word, is jouself om van jou sondes vergewe te word… Deur jouself as skuldoffer oor te gee aan die Here ontvang jy versoening. Deur met die gees van die Here vervul te word leef jy in die versoening. Hierdie versoening verbind jou nie tot die wet van God as gebooie en wette nie, maar tot die navolging van Jesus deur dissipelskap.

In hierdie benadering kan die gemeenskap alleen bereik word deur getuienis van jou redding. Hierdeur word hulle ingebring om binne die kerk versoening te vind en te

ervaar. Buite hierdie getuienis hoe om gered te word en Jesus na te volg is daar geen roeping vir die kerk binne die wêreld nie.

Die kerk moet homself losmaak van gemeenskapsake en homself toespits op die inbring van ongereddes in die kerk. Binne die gemeenskapslewe van die kerk sal hulle dan 'n alternatief vind op die gemeenskapslewe van die wêreld.

Hierdie benadering het nog steeds ʼn groot impak op die gemeenskap. Mense met hoë profiel kom tot bekering, onttrek hulle uit die gemeenskapslewe en getuig in die openbaar van die nuwe waardes en lewenswyse wat hulle gevind het en stel die sondes van die gemeenskap in die openbaar aan die kaak as wetteloos.

Die kerk word teenoor die wetteloosheid gestel as die hawe waar mense versoening en ʼn nuwe lewenswyse kan kom vind.

Die voordeel van hierdie benadering is dat daar aan ʼn alternatiewe gemeenskap naas die gemeenskap waarbinne ons leef gewerk word. Dit skep die hoop dat die huidige gemeenskap sal verval en die nuwe uit die kerk na vore sal kom.

8. Dit is moontlik om hierdie geestelikhede op ander maniere aan die orde te stel. Dit is ook moontlik om nog ander modelle van versoening by te voeg.

Die punt is nie om die een teenoor die ander as reg of verkeerd af te speel nie. Die punt is dat binne hierdie verskeidenheid van oortuigings ons as sinode gesamentlik moet optree in een aksie.

Deur ʼn benadering te volg dat elke lidmaat, kerkraad en kommissie die reg het om binne sy eie verwysing te werk aan versoening, skep ons die ruimte dat niemand mekaar kan verwyt dat ander nie versoeningsgesind is of bereid is om versoening uit te leef – net omdat ons ʼn eie versoeningopvatting het. Dit gee ook die reg om openlik te verskil met modelle waarin lidmate hulleself nie tuis voel nie, sonder om as “teen” versoening uitgesluit te word. As ʼn lidmaat sonder skuldgevoelens met ʼn vrye gewete sy werk doen in belang van die gemeenskap deur dit volgens die wet van die Here te doen, is so ʼn lidmaat net so besig met versoening as ʼn lidmaat wat openbare belydenisse doen en geld insamel om te vergoed van sondes van die verlede.

Die benadering is 'n beleid van "onderaf". Die werk van vergaderinge en kommissies sal hierdeur bepaal word deur ʼn verskeidenheid van benaderings wat deur lidmate en gemeentes aan die orde gestel word.

ds. PJ Kriel